# Kriteria vir prestasie

**erkenning aan Helpmekaar - leerders**

## Akademie

**Toekenning vir gemiddeldes**

- ♦ 3de Sertifikaat - Balkie
- ♦ 3de Balkie - Erekleure

(L.W. Vaksertifikaat kan nie akkumuleer tot 'n balkie nie)

**Drama, Ballet, Dans, Musiek:** (soos aangebied deur Trinity, UNISA, Royal schools) kan slegs 'n balkie verwerf,; indien die Gr 7 of Gr 8-eksamen geslaag is. Van Gr 4 (met lof geslaag) kry slegs vermelding. Balkies kan nie akkumuleer tot erekleure nie.

**OLIMPIADES:**

- ♦ Deelname: Sertifikaat van die betrokke organisasie (L.W. kan nie akkumuleer tot 'n balkie nie) Tweede ronde: slegs vermelding
- ♦ Top 20 in derde ronde of nasionaal: Balkie (Balkies kan nie akkumuleer tot erekleure nie)
- ♦ Top 10 in RSA: Erekleure

**EKSPO**:

Indien Provinsiaal deelneem: Skoolserifikaat
Indien Internasionaal deelneem: Balkie
Indien afdelingwenners by Internasionale Ekspo: Erekleure
(Balkies kan nie akkumuleer tot erekleure nie)

| | Gr 8 | Gr 9 | Gr 10 | Gr 11 | Gr 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| Erekleure | | | 3de Balkie | 3de Balkie | 3de Balkie |
| Balkie | Gemiddeld 85% + | Gemiddeld 85% + | Gemiddeld 85% + | Gemiddeld 85% + | Gemiddeld 80% + |
| Sertifikaat | Gemiddeld 80% + | Gemiddeld 80% + | Gemiddeld 80% + | Gemiddeld 80% + | Gemiddeld 75% + |
| Vaksertifikaat (kan nie balkie word nie) | Bo 85% | Bo 85% | Bo 85% | Bo 80% | Bo 75% |

LW: 1) Indien die leerder reeds Akademiese Erekleure verwerf het by Helpmekaar Kollege, kan die leerder kwalifiseer vir 'n hertoekenning van Akademiese Erekleure in graad 11 en / of 12 deur te voldoen aan die kriteria vir 'n akademiese balkie in daardie graad.

2) Akademie nuwe leerders: Helpmekaar sal slegs twee akademiese balkies van die vorige skool erken, maar akademiese erekleure kan slegs verwerf word met die toekenning van die derde akademiese balkie by Helpmekaar en slegs indien die vereiste akademiese prestasie soos bo beskryf, na 'n volle akademiese jaar behaal is.

**Wit "Hoodie" Beleid** – slegs vir Helpmekaar Kollge aktiwiteite.
**Die wit "hoodie" word as 'n drag erken en NIE as 'n toekenning nie.**

| SPORT | KULTUUR |
|---|---|
| Slegs vir eerstespanne of podiumplekke soos aangedui. Skaak: Senior A-span; Gholf: A-span; Oriëntering: Podiumplek; Swem: Podiumplek by Prestige Interhoër; Atletiek: Podiumplek by Interhoër A-bond; Boogskiet: Top 3 by Provinsiale Kompetisie; Skyfskiet: Top 3 by Provinsiale Kompetisie. Mag ook slegs gedra word indien leerder nog deel van die betrokke aktiwiteit is. | Slegs indien leerder as span of individu Helpmekaar Kollege op Nasionale vlak verteenwoordig of indien 'n leerder 'n podiumplek in 'n Nasionale Kompetisie behaal. Nie vir Juniorspanne nie. Mag ook slegs gedra word indien leerder nog deel van die betrokke aktiwiteit is. |

**LET WEL:**
Die wit "Hoodie" is slegs 'n "Step Out Drag" en mag NIE as deel van die skooldrag (7:30 – 14:00) gedra word nie. Indien kouer as 15 grade moet die leerder die bruin "skoolhoodie" of skooltrui as deel van sy skooldrag dra – NIE die wit "hoodie"nie. Daarom beskou Helpmekaar Kollege die wit "hoodie" as 'n spandrag gedurende spanoptrede.

# Buitekurrikulêr

**Buiteskoolse aktiwiteite**
Eervolle vermelding (geen skool-erekleure nie)

Nie - Helpmekaar - aktiwiteite of aktiwiteite waar daar geen interskole - kompetisie is nie.
Vermelding kan soos volg plaasvind:

- ♦ Kontinue gelukwensing
- ♦ Nuusbriewe
- ♦ Saalopeninge
- ♦ Eervolle vermelding by Laudatio-aand

Hoogste toekenning is 'n Buite-sport- /kultuurbalkie . Vereiste vir 'n balkie:

- ♦ Moet provinsie verteenwoordig op Nasionale kampioenskappe
- ♦ Aktiwiteit sonder proewe/provinsiale verkiesing moet leerder 'n podiumplek behaal op Nasionale "A"-kampioenskappe

L.W.
- ♦ Maksimum van een balkie 'n jaar
- ♦ Balkies kan nie akkumuleer tot skool - erekleure nie
- ♦ 'n Toekenning kan nie verwerf word indien 'n leerder nie ook deel is van die skoolaktiwiteit nie.
- ♦ Geverifieerde dokumentasie van nasionale/provinsiale liggaam moet aansoek vergesel.

Bv. duik, tweekamp, dualathle, biathle, driekamp, gimnastiek, aksiekrieket, aksienetbal, klubatletiek, padfiets, korfbal, oopwaterswem, sokker, ringbal, veerpyle, roei, hengel, motor-/motorfiets - wedrenne, judo, karate, martial arts, vlieg, seiljag, dans, drama, modelwerk, ens.

**Toekenning vir Skoolkleure (Erekleure, balkies, sertifikate)**
**Hierdie toekennings sal finaal deur 'n paneel, waar van toepassing, bepaal word.**

Alle aktiwiteite waar interskole - kompetisie plaasvind (rangorde van skole vind plaas) en waar die aktiwiteit deur Helpmekaar gefasiliteer word.

L.W.
- ♦ 80% kompetisie - deelname
- ♦ 90% oefening - bywoning
- ♦ 3de sertifikaat = balkie
- ♦ 3de balkie = erekleure

Leerders wat provinsiale kleure verwerf, MOET aan die nasionale kampioenskappe deelneem om vir hul toekenning te kwalifiseer. Geen erekleure kan verwerf word indien 'n leerder nie ook deel is van die skoolaktiwiteit nie. Nuwe leerders: Helpmekaar sal alle vorige skoolsportkleure erken na een seisoen van dienslewering vir Helpmekaar volgens Helpmekaar se kriteria. **Bestuur behou hul die reg voor om die kriteria te herevalueer en die nodige veranderinge aan te bring.**